

OORDENKING : VERTROU DIE HERE MET JOU GELIEFDES

deur Stephan Joubert (E-Kerk)

Dit is eie aan ons om diegene naby aan ons in watte te probeer toedraai. Ons as ouers wil graag ons kinders teen die stampe en stote van die lewe beskerm. Net so wil ons ons huweliksmaats van seerkry vrywaar. Ons wil ook graag ons vriende op die hande dra. **Maar ons kan nie altyd fisies daar wees vir mekaar nie.** Boonop is dit dalk ook nie die wyste ding om te doen om ons geliefdes uit die avontuursones van die lewe te probeer verwyder nie, want die lewe is nie sonder gevare, uitdagings en verrassings nie. Die lewe gebeur toe nie op een of ander wolk nie, maar sommer hier in die regte wêreld. Aan hierdie kant van die graf is die lewe ook nie volmaak nie.

Miskien is dit ons roeping om eerder vir ons geliefdes te bid terwyl hulle binne die gevaarsones van die lewe leef, as om hulle gedurig daar te probeer weghou. Ons moet eerder hulle name voor ons Vader in die hemel hou as dat ons hulle heelyd by onself wil hou. Ons moet God met die lewens van ons geliefdes vertrou. Ons moet bid dat Hy hulle sal bewaar en op die regte paaie hou. Ons moet die Here vertrou om ons en ons geliefdes te lei in lewe én in dood.

Van lewe en sterwe gepraat, Paulus skryf in Romeine 14 dat God ons nie net gemaak het om vir Hom te leef nie, maar om ook vir Hom te sterf.

Gebed

Vader van alle genade en goedheid
In Christus se goeie Naam kom vertoef ek aan U voete
In stille verwondering kyk ek op na U
U grootheid is veels te groot vir my om te verstaan
U goedheid is te goed om te deurgrond
Maar die bietjie wat ek wel van U verstaan, laat my jubel en juig
Dit maak dat ek vandag my eie lewe, en dié van my geliefdes, aan U
sorg toevertrou
Dankie dat U vandag ons almal se Bewaarder is
Amen

**Kom ons vertrou onself en ons geliefdes vir hierdie lewe en vir die lewe
hierna aan ons Hemelse Vader se liefdevolle sorg toe.**

Ds Leon Tait



God se verrassende teenwoordigheid

God verras ons keer op keer deur die Bybel met Sy teenwoordigheid en werking op plekke en by mense waar ons dit die minste verwag het bv. Die wegkruipende Adam en Eva; Abram in 'n vreemde land; Jakob (die bedriëer) op vlug in die veld; van die put tot paleis by Josef; Elia onder die besembos; Jona in vis en toe Nineve; een na die ander mees onwaarskynlikste persoon wat as rigter aangewys word en so gaan die verrassings voort dwarsdeur die Ou Testament. In die Nuwe Testament is dit nog meer opvallend bv. die keuse van die dissippels; Jesus by melaatses, armes, tollenaars, sondaars, prostitute, uitgeworpenes en so gaan die verrassings van die Heer se teenwoordigheid voort by die rokende lampitje en geknakte riete van die lewe.

Die bekende Christenskrywer Philip Yancey vertel van 'n besoek aan 'n hospitaal in Nepal wat sy lewe verander het. Hy merk op hoe 'n melaatse persoon wat geweldig misvorm is op haar elmoë voort strompel. Haar gesig het nie meer neus of ore nie en in haar diep donker oogkaste sit net twee wasige-wit oë wat blind is. Haar bene is stompies. Op die klank af volg sy die gepraat totdat sy naby is en dan begin sy sing *Jesus min my salig lot!* Die personeel vertel dat sy een van die mees toegewyde christene is in hierdie Hindoe omgewing en dat sy elke dag in die kapel gaan bid vir die ander siekes. Sy verwelkom al die besoekers wat die hospitaal besoek met liefdevolle woorde en gesing. Uit hierdie misvormde mensie straal die liefde van Jesus! Yancey het 'n foto van hierdie vrou geneem wat hy naby hom hou en dikwels uithaal met die bede: Here, help my om U ook so stralend in my lewe sigbaar te maak?

God se stralende en verrassende teenwoordigheid in 'n misvormde melaatse laat my klein en dankbaar voel. Of ons gesond of siek is, aantreklik of minder aantreklik is, ryker of armer is, hoër of laer status....God woon in elkeen van ons as Sy kinders deur Sy Gees! Op Pinkster het die grootste verrassing gebeur: God kom nog nader aan ons as ooit! Hy kom maak Hom tuis *in elkeen van ons* wat in Jesus glo as Verlosser. Wat 'n verstommende verrassing! God is in ons inwonend!

Die vraag is: hoe sigbaar maak ek Hom deur my lewe? Sal iemand 'n foto van ons wil neem om dit naby hom of haar te wil hou as herinnering hoe Jesus uit ons straal?

Skep moed! Die Gees in ons wil ons graag hiermee help: *ons word al meer verander om soos die Here te lyk, met 'n heerlijkheid wat steeds toeneem namate die Here, dit is die Gees, dit aan ons gee (2 Kor. 3:18).*

Ds Leon van Heerden



IN HIERDIE UITGAWE:

Taakspan vir Gesinne	3
Taakspan vir Omgegroepe	5
Vertrou die Here met jou geliefdes...	8

!! ONTHOU DATUMS !!

- ♦ **2 Junie:** Hemelvaartdiens
- ♦ **5 Junie:** Omgeediens & Gemeente-tee
- ♦ **12 Junie:** Nagmaal (Pinksteroffer)
- ♦ **16 Junie:** Vakansiedag
- ♦ **24 Junie:** Skole sluit

Sien jou daar!



BOOMSLOPING en snoei van bome & struike.

Kontak Ernst by 083 656 4992

RUIM KAMERS met ingeboude kaste te huur - Rietfontein - met/sonder etes. Kontak Theuns 083 598 5269

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer! Kontak Ilze 072 111 3100

c'n anru eiendomme

ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- Gratis waardasies
- Bemerk om te verkoop
- Kwalifisering van nuwe kopers
- Lening aansoeke
- Advies om eiendom se waarde te verhoog
- Boedelwaardasies

Naómi


082-804-1200 012-331-0015



Dankgebed vir Pappa

Ek dank U Heer, vir my pappa se liefdetrou;
Sy twee arms, wat my stewig elke dag vashou,
Om my te steun wanneer alles skeefloop of sleg;
Met ferme hande my te lei op die regte weg.
Vir blyke van waardering, as ek my bes probeer,
Ofskoon ek nie 'n wenner is, of baie goed presteer.
Ek dank U vir sy hande wat met ywer daaglik werk,
Al is hul vol eelte en grof, maak U hulle sterk.
Ek dank U vir sy oë wat ook alles raaksien,
Al moet ek soms teregwysing en straf verdien;
Ek dank U vir sy hart wat vol liefde klop vir my,
Ek sal nooit in my lewe weer so 'n pappa kry!
Seën en lei hom, Heer, hy is so spesiaal;
Ek is baie lief vir hom Heer, dankie nog 'n maal.

Geskryf deur Ma-linguis - Junie 1998



Peace is not the absence of trouble,
it is the presence of God

KITAAR, DWARSFLUIT EN SAKSEFOON KLASSE



KITAAR: leer speel en sing heerlik saam,
Kinders (vanaf ± 7jr, moet kan lees) en Volwassenes.
Klasse in die Moot. BILLIKE tariewe.
Kom maak jou droom waar!

Kontak Kobus Nel 082 961 9425

Bied ook Saksefoon en Dwarsfluit aan, 18jr in S.A. Leërorke
gespeel.



To God the Glory



MOOT CHRISTIAN ACADEMY

- Are you serious about your child's education?
- Do you want to give your child the best education possible?
- Did you know that in the early days children read the Bible to learn?

At MOOT CHRISTIAN ACADEMY:

- We are putting the joy of God back into education
- We are an affordable Private School for Gr 0 to Gr 12
- We are passionate about our students.
- 90% of our staff and students are Afrikaans speaking.



We serve the Community of God
Contact us for an interview

012-331-8274

admin@mootchristianacademy.co.za

On the premises of NG Rietfontein Suid, C/o Ben Swart str. and 16th Avenue



Taakspan vir Gesinne

Die Missie van die gesinsbediening is: Om huweliksmaats, ouers en gesinslede in ons gemeente en gemeenskap te bou en te help om die liefde van Christus in hul gesinsverhoudinge uit te leef en te ervaar, deur omgee vir mekaar en ander. Die missie van die gesinsbediening weerspieël daarom ook waarmee die gesinsbediening besig is.

Die gesinsbediening bied gedurende die jaar (2) twee huwelikverrykingskursusse aan wat deur Ds Leon van Heerden gehanteer word. Die kursusse se doelwit is om jong getroudes en jong mense wat op troue staan te bereik. Al om die ander jaar bied die gesinsbedieningspan ook 'n huweliksnaweek, of soos onlangs 'n ouerskapseminaar seminaar wat deur Dr Arnold Mol en sy vrou gelei was. Die ouerskapseminaar was 'n baie groot sukses en ons dank die Here vir Sy genade en liefde.

Die Moeders en Vaders is ook vir die span belangrik en daarom word daar op die spesiale dae iets spesiaals vir hulle aangebied. Die mannebediening wat op elke eerste Woensdag van elke maand plaasvind vanaf 18:30 is ook deel van die gesinsbediening taakspan.

Ek wil graag afsluit deur die gemeentekamp te noem wat vir die eerste keer verlede jaar plaasgevind het. Ons wil julle daarom reeds nou uitnooi om julle dagboeke oop te hou vir hierdie jaar se gemeentekamp wat vanaf 14 -16 Oktober 2011 gaan plaasvind by Emmerentia Geldenhuys Kampterrein in Warmbad.

Die gemeentekamp was vir oud en jonk 'n ongelooflike geestelike ervaring. Ons het geëet, gekuier om die vure, saam gehuil en gelag. Wat 'n ongelooflike ervaring! (Sien foto's op volgende bladsy.)

Die gesinsbediening is geseënd met 'n fantastiese span werkers bestaande uit Basson Geldenhuys, Adri en Flip Langenhoven, Christa Botha, Dirk en Suzette van den Berg, Pieter en Leani Malan, Bertus Theron en ons mentor Ds Leon van Heerden.

Behalwe al bostaande take is die gesinsbediening, saam met die Mootcare Sentrum, ook verantwoordelik vir die volgende kursusse: Die Bemoedigers, 'n Werkswinkel vir geskeide persone, kursusse oor ouerskap ens.

Ons dank die Here vir die voorreg om Hom op so 'n spesiale manier te mag dien.



Al die gemeentekampers



Oud en jonk en het deel geneem aan al die aktiwiteite

Taakspan vir Omgeegroep

In die betrokke uitgawe gaan ons 'n bietjie kuier by een van ons Omgeegroep, **DIE VREUGDE OMGEEGROEP** onder leiding van **Doep du Piesanie**. Ek vertrou dat julle Oom Doep se groepie se verhaal sal geniet. Hier volg dit ...

"Hierdie Omgeegroep het ontstaan gedurende die winter in 2008 tydens die hantering van Rick Warren se 40 dae vir God se Groeiplan.

Die naam van ons Omgeegroep is ontleen aan : **Die Vrug van die Gees ... liefde, vreugde, vrede, geduld, ...** (Galasiërs 5:22,23). Dit is ook 'n baie toepaslike naam vir ons Omgeegroep omdat hier so 'n gemoedelike omgee-liefde heers by ons weeklikse byeenkomste – en die noue skakeling gedurende die week met mekaar! Ons omgeebelofte behels die volgende (en word getrou weekliks voorgehou tydens ons byeenkomste):

God is liefde en Hy is hier – en is ons Eregas vanaand! Die Here het alles vir Sy doel beplan. Hy het ons geskep vir 'n rede en ons doel is om, in volkome afhanklikheid van Sy goedheid en genade, hierdie rede te probeer uitleef.

Ons Groepbelofte is: *Ons gaan ons ware gevoelens deel (egtheid); mekaar aanmoedig (wedersydseheid); mekaar steun (genade); die waarheid in liefde praat (eerlikheid); ons swakhede erken (nederigheid); ons verskille respekteer (hoflikheid); nie skinder nie (vertroulikheid); sorg dat die groep 'n prioriteit is (gereeldheid).*

Vir my as leier is ons Omgeegroep van onskatbare waarde. Die saampraat-papier van die vorige Sondag se erediens word as leiding vir ons besprekings gebruik. En word daar nie saamgepraat nie! Die voordeel wat ons geniet is dat almal van ons getroue kerkgangers is en met mekaar kan deel wat hulle onderskeie ervarings daarvan was. Getrou aan ons Omgeegroep se naam, en in alle egtheid, eerlikheid en nederigheid, is ons besprekings 'n ware vreugdefees. Ons ervaar waarlik God se liefde.

Die weeklikse byeenkomste bied aan elkeen van ons 'n veilige, gesonde uitlaatklep vir dinge wat innerlik opbou. Die simpatieke bemoediging wat ons onderling ondervind is onontbeerlik om nie geestelik afgemat te word nie. Die byeenkomste word waarlik as 'n oase ondervind. Hier vind ons hernude energie want ons dien mos 'n lewende God!

Ons aanbidding van God geskied in 'n gees van nederigheid en afhanklikheid plaas. Dit kan aan die hand van Broer Lawrence, 'n sewentiende-eeuse monnik, beskryf word. Hy was 'n nederige monnik wie se lewe baie geroetineerd en vervelig was. Die grootste deel van sy lewe het hy in die klooster se kombuis gewerk. Maar soos hy sy daaglikse take aangepak het, het hy die dissipline ontwikkel om heeltyds bewus te wees daarvan dat God by hom teenwoordig is. Terwyl hy aartappels geskil het, het hy geoefen om bewus te word van God se teenwoordigheid. Terwyl hy die kombuisvloer gevee het was God daar by hom. Wanneer hy aanbid het was dit vir hom maklik om te weet dat God ook daar is, omdat hy God se teenwoordigheid in die kombuis ervaar het. Dit het ook wondere gedoen vir sy eie gesindheid oor sy kombuiswerkies. As 'n mens se innerlike fokus op God se teenwoordigheid is terwyl jy potte en panne skrop, wie sien die vuil skottelgoedwater raak?"

"Ek kan my nie indink hoe godsdienstige mense 'n tevrede lewe kan lei sonder om die teenwoordigheid van God te beoefen nie" - BROER LAWRENCE

Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591